

SnapScan is hier! Hartenbos gemeente is ook nou deel van die slimfoongenerasie!

Jy het nou 'n maklike en veilige manier om jou erediensdankoffer, Kersoffer bydrae, 'n uitreikdonasie, versorgingshulp, basaar- of vleisfeesbetaling, of jou gereelde maandelikse dankofferbydrae te maak!

Hoe betaal ek met SnapScan?

Laai eers die toepassing (app) af soos hieronder verduidelik. Maak die SnapScan app oop en tik op "scan". Hou dan bloot jou slimfoon se kamera oor die unieke NG Hartenbos SnapCode ('n QR-kode, of vierkantige barcode) vertoon in die aankondigingsbulletin of op ons webblad, in die kerkportaal, op die kerkkalender ens. om te skandeer. Die app identifiseer NG Hartenbos outomaties en vra jou om die bedrag te verskaf wat jy wil oorbetal. - vul asb ook die beskrywing van die inbetaling in die aangeduide plek (dankfees, omgeebydrae, uitreikdonasie, dankoffer ens.).¹ Jy verskaf dan jou

unieke en veilige PIN om die transaksie te bevestig en te voltooi. Die kerk sal dan 'n kennisgewing ontvang via SMS en e-pos dat die betaling gemaak is.



Hoe laai ek die toepassing (app) af om SnapScan te gebruik?

Soek jou selfoon se App Store vir die SnapScan inligting, of besoek bloot die www.GetSnapScan.co.za tuisblad vir skakels na die Apple Store, Google Play en Blackberry World platforms.



Vervang SnapScan ander betaalmodes?

Nee, glad nie! Jy kan jou bydrae maak op watter manier ookal vir jÓú die gerieflikste is. SnapScan gee net 'n addisionele kanaal om jou bydrae te maak of 'n betaling te doen.

Sal dit op my foon werk?

SnapScan is beskikbaar vir Apple iPhones, slimfone wat loop op Android-bedryfstelsel-sagteware, bv. Samsung en Nokia, asook die meeste BlackBerry fone (let daarop dat jy nodig het om BlackBerry World te installeer om na die App winkel

¹ **Ander verwysings wat jy kan gebruik:** KL = kollekte; SKL = Spesiale kollekte; DO = Dankoffer; F = Funksie; A = Amfiteater

toegang te verkry). Ongelukkig word Windows en funksie selfone nog nie ondersteun nie.

Hoeveel sal die SnapScan transaksie my kos?

SnapScan is heeltemal gratis om af te laai en te gebruik. Netwerkoperateur datakoste is wel van toepassing, maar die App is ongeveer 10MB groot. Transaksies gebruik ook baie min data en kos omtrent dieselfde bedrag as 'n enkele WhatsApp boodskap.

Watter voordele is daar aan die gebruik van SnapScan?

Dis maklik, veilig, gerieflik en goedkoop! Jy hoef nie op 'n Sondagoggend te soek vir kontant vir die kollektebord nie; dis veilig, want jy hoef nie kontant by jou te dra nie, dis vir beide jou en die gemeente die goedkoopste en veiligste manier om geld te hanteer!

SnapScan hou jou kaartbesonderhede geïnkripteer veilig op jou selfoon. Kontant kan gesteel word, jou kaart kan gekloon word om jou geld te onttrek by 'n OTM, maar met SnapScan het jy beide 'n selfoon en 'n PIN app-spesifieke PIN wat jou besonderhede beskerm.

Wat as ek nie 'n Standard Bank klient is nie?

SnapScan werk met e-handel gekoppelde MasterCard of Visa kaarte van enige Suid-Afrikaanse bank. Wanneer jy jou kaart besonderhede voeg op die App, toets dit outomaties die kaart en verskaf dit 'n fout-boodskap indien die kaart nie ondersteun word nie.

Wat kos die transaksie vir NG Kerk Hartenbos?

Die gemeente betaal 'n transaksiekoste van 3% per transaksie, soortgelyk aan dié van die fasilitering van betalings met kredietkaarte. Die fooi word dadelik gehef uit jou betaling en dan word die 97% balans van jou gekose bedrag dadelik in die Hartenbos rekening inbetaal. Hartenbos ontvang dan daaglikse en weeklikse state van SnapScan wat elke transaksie, die koste en die oorbetalde waarde reflekteer.

Waar kry ek nog meer inligting?

Op www.getsnapscan.co.za en ook op ons webwerf www.ngkhartenbos.co.za is daar videogrepe wat stap vir stap wys hoe die App werk en hoe gerieflik oorbetalings gedoen kan word. Die lekker is verder dat in ons eie omgewing jy ook vir jou koffie of ete kan betaal by 'n aantal ondernemings wat reeds SnapScan as betalingsmetode gebruik!

Geniet dit om gerieflik te gee en ons gemeente se leuse te leef!